
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# RELIGIESTUDIES V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
3. Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
4. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.
5. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken word.
8. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Ten spyte van voortdurende bewustheid en afskrikpogings deur regerings en nie-regeringsorganisasies, is geslagsgebaseerde geweld (GBV) steeds 'n groot bekommernis in Suid-Afrika en regoor die wêreld.
>
> [Uittreksel geneem uit https://www.saferspaces.org.za/understand/entry/gender-based-violence-in-south-africa. Toegang op 14 Februarie 2024 verkry.]

1.1 Bespreek DRIE redes waarom daar geslagsgebaseerde geweld (GBV) in ons samelewing is. (3 x 2) (6)

1.2 Ontleed die impak van geslagsgebaseerde geweld (GBV) in die samelewing. (10)

1.3 Kies EEN godsdiens en bespreek sommige van sy leringe wat oplossings vir geslagsgebaseerde geweld (GBV) bied. (8)

1.4 Geslagsgebaseerde geweld (GBV) word as boos beskou. In die konteks van enige EEN godsdiens bespreek die volgende:

1.4.1 Hoe kan die mensdom boosheid oorwin? (10)

1.4.2 Wat is die verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld? (10)

1.5 As graad 12-leerder word jy gevra om met jou medeleerders te praat om GBV te ontmoedig. Skryf DRIE hoofpunte van jou toespraak neer. (3 x 2) (6)

**[50]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Geen godsdiens is 'n vaste, monolitiese eenheid nie. Hulle het almal baie interne verskille.
>
> [Aangepas uit *Religion Studies Grade 12*, H.C. Steyn, bladsy 56]

Bespreek die interne verskille van EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Bestuur (10)

2.1.2 Leringe (10)

2.2 Evalueer die moontlike gevolge van interne verskille vir godsdienste. (8)

2.3 Bespreek kontemporêre inspirasie in die konteks van godsdiens. (10)

2.4 Bespreek DRIE hermeneutiese beginsels wat relevant vir die interpretasie van heilige tekste is. (12)

**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

3.1 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> ŉ Ritueel is ŉ stel formele handelinge of gedrag met ŉ seremoniële doel wat met gereelde tussenposes binne ŉ bepaalde omgewing uitgevoer word. Verskillende tipes rituele gee betekenis aan verskillende seremonies binne die geloofsgemeenskap.
>
> [Uittreksel uit https://study.com/academy/lesson/rituals-definition-types-challenges.html. Toegang op 2 Maart 2024 verkry.]

Bespreek die rol wat rituele speel onder die volgende opskrifte:

3.1.1 Sosiale rol (6)

3.1.2 Geestelike rol (6)

3.1.3 Sielkundige rol (10)

3.2 Die uittreksel hieronder handel oor sekularisme. Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Sekularisme is ŉ wêreldbeskouing wat geen godsdienstige dogma onderskryf nie. Veral in die Weste is daar ŉ toenemende aantal mense wat sekulêre lewens lei.
>
> [Aangepas uit *Religion Studies Grade 12,* H.C. Steyn, bladsy 71]

3.2.1 Noem EEN sekulêre wêreldbeskouing en bespreek die oorsprong daarvan. (8)

3.2.2 Evalueer die impak van sekularisme op die godsdiensgemeenskap krities. (12)

3.3 Wat is die rol van inspirasie in Afrika Tradisionele Godsdiens? (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4

4.1 Lees die volgende uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> In pre-1994 apartheid Suid-Afrika is alle aspekte van die samelewing, insluitend godsdiens, oorheers deur die beleid van apartheid. Na die demokratiese verkiesing van 1994 het dinge verander.
>
> [Bron: *Inter-religious relations in South Africa with reference to Christians and Muslims*, Dolamo, RTH: Universiteit van Suid-Afrika, bladsy 11]

Vergelyk die stand van godsdienssamewerking in Suid-Afrika voor en na 1994. (16)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die NRLF is gestig na ŉ oproep van President Mandela in 1997 om verskillende gelowe te verenig wat gedurende die apartheidsera verdeeld was. Dit bestaan uit die leiers van verskeie godsdienste in Suid-Afrika. In 2009 het pastoor Ray McCauley ŉ nuwe intergodsdienstige organisasie genaamd die National Interfaith Leadership Council (NILC) gestig. Die NRLF het saamgesmelt/gekombineer met die NILC om die Nasionale Intergeloofsraad van Suid-Afrika (NICSA) in 2011 te vorm.
>
> Ander intergodsdienstige organisasies sluit in die African Council of Religious Leaders (ACRL) en die World Council of Churches (WCC).
>
> [Bron: www.acrl-rfp.org, *Shutters Top Class, Religion Studies, Grade 12*]

4.2.1 Evalueer die impak van die NRLF / NICSA. (12)

4.2.2 Verduidelik die verskil tussen die WKK en ACRL. (8)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die volgende vraag.

> Daar is baie godsdienste in die wêreld, soos Afrika Tradisionele Godsdiens (ATR), Bahá'i-geloof, Boeddhisme, Christendom, Hindoeïsme, Islam, Djainisme, Judaïsme, Sikhisme en Taoïsme. Godsdienstige organisasies word gestig om harmonie tussen verskillende godsdienste te bevorder en te handhaaf.
>
> [Bron: https://www.wozamatrics.co.za/wp-content/uploads/2022/09/Religion-Studies-Inter-religious-relationships-FIN.pdf. Toegang op 12 Maart 2024 verkry.]

Beskryf die praktiese stappe wat deur godsdiensorganisasies geneem is om intergodsdienstige harmonie te bevorder. (14)

**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die volgende vrae.

> Darwin se evolusieteorie het ŉ alternatiewe verklaring vir die oorsprong van die mens gegee. Terwyl evolusie nie godsdienstige idees oor die skepping direk weerlê nie, is dit duidelik dat dit geen verduideliking as deel van ŉ goddelike plan bied nie.
>
> [Bron: *Shutters Top Class Religion Studies, Grade 12*, bladsy 138]

5.1.1 Verduidelik die *evolusieteorie*. (10)

5.1.2 Bespreek die reaksie van EEN Midde-Oosterse godsdiens op Darwin se teorie. (12)

5.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Leringe hou verband met geloof in die sin dat volgelinge geloof in ŉ bepaalde godsdiens sal hê, omdat hulle ŉ stel leringe aanvaar het wat hulle voel waar is.
>
> [Bron: *Religion Studies Grade 12*, RD Donne et al]

Kies EEN godsdiens en bespreek die sentrale leerstellings daarvan onder die volgende opskrifte:

5.2.1 Die aard van goddelikheid (10)

5.2.2 Die aard van die wêreld (10)

5.2.3 Lewe na die dood (8)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS